



Gelukkige Vadersdag “Gelukige Fadersdag”

Vrydagmôre breek aan. Die oggend is geskeduleer om my artikel vir hierdie uitgawe van *Blitspos* te skryf. My leeswerk is klaar. My voorbereiding is gedoen. Die tema gaan wees: *Die invloed van vaders op kinders en die samelewing*. Tessa Oppermann se versoek om oor hierdie aangeleentheid te skryf, val saam met ’n resensie wat ek skryf vir ’n akademiese tydskrif oor afwesige vaders se impak op die samelewing. Toevallig?

Terwyl ek opgewonde aan die hoofpunte van die artikel dink, skakel ek die ligte in ons kombuis aan. My oog val op ’n kunswerk van ons dogtertjie en ek sien iets van “pappa”. Dit is nie vreemd om so ’n kunswerkie te vind nie, aangesien sy daagliks besig is om diere te teken, voëls te skets, in te kleur of verhaaltjies te skryf.

Alles om my vervaag terwyl ek die prentjie optel en begin lees. “Gelukige Fadersdag ♥♥♥” Dan volg hartjies, sterretjies en blokkies waarin geskryf staan “Ek is lief vir my pa”, “Pappa is my hero”, “Pappa is my superman” en “Pappa is die beste pa in die wye wêreld”. Emosies spoel oor my hart. My voorbereiding vervaag. My (akademiese) aanslag verkrummel. Die artikel word op sy kop gekeer: *Die invloed van kinders op ’n vader*.

As ek reg onthou, was dit Adrian Thatcher wat geskryf het dat, toe patriargale rolverwagtings vaders weggehou het van gesinne, dit nie alleen nadelig was vir kinders nie, maar veral ook vir mans. Vaderskap bied aan mans ’n geleentheid om persoonlike vervulling te ervaar in die uitleef van sagtheid, speelsheid en versorging, asook die unieke ervaring om aan die ontvangkant te wees van onvoorwaardelike liefde. Ek sit die briefie stadig neer en onthou weer die woorde van Martin Luther (my eie, vry vertaling):

Nou kyk net wat gebeur as daardie slinkse verleier, natuurlike logika, na die getroude lewe kyk. Dan word daar neus opgetrek en gesê: “Ag aarde, moet ek as man nou ’n baba aan die slaap sus, doeke was, bed opmaak, daardie reuke verduur, nagte lank wakker bly, ’n huilende baba vertroos, elke seerplek en skaafplekkie dokter? En dan nog daarby my vrou versorg, hard werk, hier regmaak en daar verbeter, met al die ander ontberinge wat die huwelik nóg inhou? Moet ek van myself ’n gevangene maak?... Dit is beter om alleen en vry te wees en ’n vredevolle lewe te lei...”

Hierop antwoord Luther onverwags uit ’n ander perspektief. *Geloof maak ons oë oop, kyk na al hierdie oënskynlik onbeduidende, onsmaklike en veragtelike pligte uit perspektief van die Heilige Gees. Vanuit die geloof antwoord vaders dan: “O God, ek bely dat ek eintlik onwaardig is om hierdie baba aan die slaap te sus en doeke te was en vertrou te word met die versorging van hierdie ma en kind... Daarom sal ek graag hierdie take verrig. Geen sneeu of hitte, geen sleurwerk of arbeid sal my ontsenu of ontmoedig nie, want ek is van harte oortuig dat ek hiermee lof aan U bring.”*

Vandag sê ek namens alle vaders dankie: Dankie dat julle kinders ons lewens sóveel verryk, die kind in óns weer uitbundig laat lag en speel, dat julle ons onvoorwaardelik liefhet, dat ons briefies in die huis ontdek wat ons laat besef dat ons baie meer ontvang as wat ons ooit gedink het ons gaan gee.

Gelukkige Vadersdag!

Dr Thinus van Staden, Montana

Teken in om ’n skakel na blitspos te ontvang
Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lief en leed



Oudl Faan Beeslaar



Mev Ena Mans



Mej Rita Basson

- **Ds PS (Peet) Esterhuizen en sy vrou, Sonja**, van Gemeente Wonderboom, het nou albei Covid-19. Ons bid hulle spoedige herstel toe.
 - **Oudl SE (Faan) Beeslaar**, lid van die Kommissie van die AKV, is in die hospitaal opgeneem met Covid-19. Sy vrou, Susan, is ook positief getoets, maar ervaar tans geen simptome nie. Ons bid oudl Beeslaar spoedige beterskap toe.
 - Dit gaan baie beter met **ds JPC (Jasper) van der Westhuizen** van Randfontein Midpark/Westonaria nadat hy Covid-19 opgedoen het.
 - **Mev Ena Mans**, weduwee van dr CJ Mans, het op 11 Junie 93 jaar oud geword. Baie geluk!
 - **Mej Rita Basson**, orrelis van Gemeente Wonderboompoort, was op 10 Junie 80 jaar oud. Baie geluk! Sy het in dié gemeente, waar haar vader jare lank skriba was, geloofsbelydenis afgelê. Met haar jonger broer se doop op 8 Februarie 1959, in haar matriekjaar, bespeel sy die traporreltjie van die ou kerkie van Wonderboompoort, waar die Kerkmuseum tans is. Sedert daardie doopdag is sy voltyds orrelis van Wonderboompoort tot vandag toe, hoewel sy die vorige jaar reeds by geleentheid die orrelbegeleiding gedoen het. Dus nou meer as 62 jaar lank! Sy het lesse gehad by mnr Willem Mathlener, eers in Krugersdorp, en later in die Dirk van der Hoffgebou by die Konservatorium, en steeds neem sy weekliks orrelles by mev Margaret van der Vegt. Sy sê die orrel is haar hele lewe!
 - Die Kommissie van die AKV het op 3 Junie middagete geniet saam met **dr en mev PJ (Paul) de Beer** (50ste ampsjubileum), **ds en mev WH (Wilhelm) Steyn** (50ste ampsjubileum) en **prof JH (Johan) Koekemoer** (60ste ampsjubileum), sowel as saam met vorige voorsitters van die Kommissie van die AKV, naamlik **prof J (Johan) Buitendag**, **dr DJC (Daan) van Wyk (sr)** en **dr en mev DJC (Daan) van Wyk (jr)**. **Prof WA (Wim) Dreyer** is ook 'n vorige voorsitter van die Kommissie van die AKV, hoewel hy tans weer as visevoorsitter in die Kommissie dien.
- 
- Dr Paul en mev Lalie de Beer en dr Daan van Wyk (sr)
- **Ds CJ (Johann) de Bruin** vier sy **25-jarige ampsjubileum** op **20 Junie om 09:00** in sy tuisgemeente, Wonderboom-Suid. Besoekers is welkom – laat weet net by 082 733 3951. Ds Johann is op 23 Junie 1996 in Witpoortjie georden, bedien daarna Brakpan, toe Heilbron, en tot 2012 Wonderboompoort. Tans is hy met siekte-emeritaat en deel sy liefde vir kerkgeskiedenis by die SP Engelbrecht-museum.
 - 'n **Roudiens vir dr Hannes en Ibel Beukes** (oorlede op 18 Maart 2020) word beplan vir **7 Julie om 11:00 in Bethal**. Persone wat die diens fisies wil bywoon, moet asseblief voor 25 Junie hul naam en kontaknommer stuur aan prof Biëks Beukes by beukesm13@gmail.com / 072 036 4960. Die diens sal ook elektronies uitgesaai word. Besonderhede sal later bekendgemaak word. Die diens word gelei deur ds Etienne Fourie van Gemeente Kempton.
 - **Die volgende predikante verjaar tot 25 Junie 2021, en word hartlik geluk gewens:**
 - Woensdag 16 Junie: Dr JHL (Jan) Truter (59) (emeritus/Letsitele)
 - Vrydag 18 Junie: Prof EC (Elsabé) Kloppers (62) (emeritus) en ds DJR (Danie) Malan (55) (Johannesburg)
 - Saterdag 19 Junie: Ds W (Willem) de V Sauer (55) (Waterberg)
 - Sondag 20 Junie: Dr A (Annelie) Botha (43) (Mafeking/Zeerust)
 - Maandag 21 Junie: Di HT (Hennie) van der Linde (54) (Vliegepoort) en EN (Nastasia) Vosloo-Steyn (29) (beroepafwagting)
 - Donderdag 24 Junie: Ds PJE (Piet) Botha (78) (emeritus/Klerksdorp)

Gemeentes en bediening

- Die Sinodale Dienssentrum by Derdepoort word van 15 Junie af vir 10 dae tot 25 Junie 2021 gesluit nadat een van die personeellede in kontak was met iemand wat positief getoets het vir Covid-19. Die personeel werk in hierdie tyd van die huis af en kan op hul selfone bereik word. Die nommer van die skakelbord (012 322 8885) werk steeds en oproepe sal na die toepaslike personeellid deurgeskakel word. Waar nodig, kan Leon Botha (wat die skakelbord beman) by navraag 'n personeellid se selfoonnommer beskikbaar stel.
- Kyk [hier](#) vir 'n bemoedigende **video-opname deur dr André Ungerer**, voorsitter van die Kommissie van die AKV, in aansluiting by die herderlike skrywe op die voorblad van verlede week se *Blitspos*.
- Die datum vir die komende sitting van die **ring van Bothaville** is vasgestel op **Saterdag 21 Augustus om 08:00 per Zoom**. Navrae kan gerig word aan die skriba van die Ringskommissie, dr Carel Botma, by carebo@btbits.co.za.
- Die vergadering van die **ring van Laeveld** is **onbepaald uitgestel**. Die hele span van Letsitele moes byvoorbeeld weens verpligte kwarantynmaatreëls onttrek van 'n kontakvergadering. Daar is oorweeg om oor te skakel na 'n aanlyn vergadering, maar met die huidige vlag kragonderbrekings kan nie gewaarborg word dat die vergadering enduit wettig gehou sal kan word nie. Navrae kan gerig word aan die skriba van die Ringskommissie, ds Hennie la Grange, by hennielagrang@outlook.com.
- Tydens die Kommissie van die AKV se vergadering aan die begin van Junie is kennis geneem van die samesmelting van **gemeentes Brits en Hartebeestpoort** en die stigting van een nuwe gemeente, asook die samesmelting van **gemeentes Brakpan en Brakpan-Harmonie**. Meer inligting hieroor sal mettertyd beskikbaar wees.
- Die Kommissie van die AKV het ook ingestem dat die **ringe van Potgietersrus, Waterberg en Zoutpansberg** tot een ring mag saamsmelt. **Gemeentes Marble Hall en Van der Hoff** (tans albei deel van die ring van Middelburg) beoog om by dié saamgestelde ring in te skakel.
- Die Kommissie het ook ingestem dat die **ringe van Lydenburg en Middelburg** tot een ring mag saamsmelt.
- Die ooreenkoms tussen **Gemeente Viljoenskroon en ds GS (Gerrie) Botha** is beëindig; ds Botha is steeds 'n emerituspredikant.
- 'n Akte van siekte-emeritaat word uitgereik aan **ds PWAN (Pieter) Bester** op grond van swak gesondheid. Hy is vanaf 8 Februarie 2021 van alle ampspligte onthef, met behoud van ampsvoorreg.
- **Ds RP (Rudi) Botha** se dienskontrak met Gemeente Wesmoot is verleng tot 28 Februarie 2022.
- **Oudl Nanette van Staden** het bedank as lid van die Kommissie van die AKV. **Oudl JG van Heerden van Montana** is aangewys as nuwe ouderlinglid.
- **Dr JM (Thinus) van Staden** het bedank as lid van die Sekunduskommissie. **Dr T (Tanya) van Wyk** is aangewys as nuwe lid.
- Die **Pretoriase Middestadsbediening PEN** bedryf 'n **herwinningsprojek** waarby sowat 25 gemeentes reeds betrokke is en waardeur papier, karton, plastiek, glas en blikkies herwin word. Hulle wil graag met meer Pretoriase gemeentes hande vat. Hulle kan 'n gemeente help om 'n netjiese herwinningstasie op die kerkterrein te vestig, en hulle kom haal dan op 'n gereelde basis die herwinbare afval. Dit is vir 'n gemeente 'n manier om by lidmate



Oudl Nanette van Staden



Oudl JG van Heerden

'n omgewingsbewustheid te kweek en om te sorg vir die aarde. By sommige gemeentes het dit ook 'n kontakpunt met die breër gemeenskap geword omdat nie-lidmate ook hul herwinbare afval daarheen bring. Verder verskaf die projek reeds 'n inkomste aan meer as 200 arm mense wat herwinbare afval versamel. Enige gemeente wat belangstel om hierby in te skakel of wat bloot meer inligting wil hê, kan **ds Fouché de Wet skakel by 073 234 0156**.

- 'n Lidmaat van **Gemeente Vliegepoort in Thabazimbi** bou tans 'n kerkie op hul plaas vir ongeveer 50 persone. Hulle benodig ou kerkbanke, 'n klok en 'n podium. Kontak mev Juline Mulder by nhkvliege@lantic.net / 082 251 0206 / 063 930 3696 indien u kan help.
- **Gemeente Wonderboom-Suid** (gestig 21 Junie 1970, kerk gebou 1974) beoog om met onder andere 'n gedenkbundel die gemeente se 50 plus bestaansjare te gedenk. As u oor ou foto's beskik, soos troufoto's in en by die kerkgebou, begrafnisfoto's, doopfoto's, katkisasie, kerkraad, NHSV, ensovoorts, skandeur dit en stuur dit asseblief aan ds C Johann de Bruin by cjdb@boomaap.co.za of skenk dit aan die gemeente vir uitstalling. Oudlidmate word ook genooi om staaltjies neer te skryf of op te neem en te stuur, selfs stembodskappe, na 082 733 3951. Interessantheide oor die bou van die pastorie en kerk, basaars, eredienste, dominees en so meer is baie welkom. Ons sien uit na u bydraes!
- Besoekers kan afspraak maak met **ds C Johann de Bruin** om ons Kerkmuseum, **die SP Engelbrecht-museum**, in Eloffsdal, Pretoria te besoek. Skakel of stuur 'n WhatsApp-bodskap na 082 733 3951. Die Museum word per afspraak oopgemaak; reël net 'n dag of twee vooraf. R25 per persoon.
- **Vakante werkrumte**. Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant, verkieslik in die ouderdomsgroep 30-40 jaar, vir **Gemeente Ermelo** wat op 31 Augustus 2021 vakant raak.

Gemeenteprofiel: Die gemeente bestaan sedert 1909 en is een van twee NHKA-gemeentes in Ermelo. Die sieletal is tans ongeveer 312. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met 'n groot aantal lidmate in die ouderdomsgroep 35-60. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal en kombuis, asook kategeselokale. Die gemeente beskik ook oor 'n ruim pastorie.

Leraarprofiel: Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van 'n passievolle verhouding met God. Liturgies deurdenkte, goed voorbereide, Geesvervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Die gemeente kan van aansoekers verwag om 'n erediens in die gemeente waar te neem gedurende die tyd van vakantskap.

Posbeskrywing: Dit is 'n voltydse standplaas wat van die predikant alles verwag soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal volgens die skale en Kerkorde van die Kerk bereken en hanteer word met inagneming van die aantal jare diens. Dit kan insluit gratis inwoning in die pastorie en munisipale koste, of dalk 'n subsidie vir eie behuising. Diensaanvaarding is so gou moontlik nadat die standplaas vakant geraak het.

Aansoeke sluit op 30 Junie 2021. Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die Adminbeampte, ermelo@nhk.co.za of rouxandry@gmail.com. Die Kerkraad behou die reg – indien so besluit – om nie een van die aansoekers te beroep nie.

- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Studeer Teologie in 2022

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Matrikulante en enige ander belangstellendes wat graag predikante in die Hervormde Kerk wil word en in 2022 Teologie wil studeer, is welkom om nou aansoek te doen om as student van die Kerk te studeer.

Die evaluasiegesprekke sal in die laaste week van Julie 2021 plaasvind. Aansoeke moet die Kuratorium asseblief nie later nie as 23 Julie 2021 bereik.

Kry aansoekvorms by die voorsitter van die Kuratorium dr Rudy Denton (rudydenton@outlook.com) en mev Clarika Hattingh (clarikah@nhk.co.za).

Vergaderings

- Dinsdag 22 Junie: Bestuurskomitee
- Donderdag 24 Junie: Redaksie van *Die Hervormer*

'n Gedig

Totsiens is soms vir altyd

die tafel is gedek vir twee
en ek wag ...
die deur bly onbeantwoord
die kerslig flikker skraal en effens
nes die hoop in my

my geliefde se stoel bly leeg
my lippe rooi, nes die kers se was
my hoëhakskoene skop ek uit
soos 'n onwelkome gas
en ek wag ...

die foon se skrilte lui
wek my uit my semi-sluimer
die onbekende stem se woorde sag
en ek weet ...
dis tyd om die kers se asem stil te blaas

Totsiens is soms vir langer as 'n dag
Totsiens is soms vir altyd.

Michelle van Graan
(LitNet-nuusbrief 852, 03/06/2021)

Barmhartigheid

- **NHKA Diakonaat**, Diensveld Armoede. **Gratis webinaar: Die droom van 'n beter lewe. Donderdag 17 Junie 19:00-20:30.** Paneellede: Dr Martin J van Rensburg; ds Marissa Kidson; mnr Barend la Grange (South Africa Day); en diak Andries Pretorius. Navrae: Dr Martin J van Rensburg 083 633 7335.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Fondsinsamelings

- **Gholfdag ten bate van Kinderbeskerming.** Rata Maatskaplike dienste nooi u om in te skryf en **24 Augustus** saam met ons te kom geniet by **Silver Lakes, Pretoria**. Ons nooi gemeentes om hul gholfentoesiaste aan te spoor om spanne vir die gemeente of hul besighede in te skryf. WhatsApp GHOLF na 064 437 5997 en ons sal die nodige inligting deurstuur. Annelie Flanagan kan ook gekontak word vir navrae, by info@rata.org.za.
- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedra moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir vaders

Hemelse Vader,
stort u seëninge uit oor alle vaders.
Gee hulle die wysheid om hul kinders te lei
op die regte weë.
Gee hulle die krag om te vergewe
as hul kinders van daardie paaie afdwaal.
Help hulle om te volhard
terwyl hulle in hul gesinne se behoeftes voorsien.
Mag u liefde hulle beskut in moeilike tye,
en hul vermoë laat toeneem
om te vergewe,
welwillend op te tree
en deernis te betoon.
U, wat Vader is van ons almal,
hou alle vaders in u warm en milddadige hart.
Amen.

Engelse weergawe: Sadlier Religion
(Vertaal deur Tessa Oppermann)

www.WeBelieveandShare.com